"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HEY!

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

# Op die pad—21 April—16 Mei 2011

## H4K Werkswinkel—Benoni



Dit was vir my heerlik om tydens my kuiertjie in Benoni ook 'n bietjie te kon werk. Groter nog was die vreugde om dit onder my eie gemeente te kon doen. Ja dit was harde werk, baie speel, sing en leer, maar ek glo elkeen het ryker daar weggestap. Die Here het werklik 'n ontmoeting daar gehad met elkeen van ons—myself ingesluit!



Jaco het net weereens aan my bewys dat kinders selfs so oud as 3 jaar die Evangelie kan verstaan en geniet. Elkeen van julle—dankie vir julle liefde! Dankie vir dit wat ek ook by julle kon leer. Onthou—"What if I give all…."

**Mag dit jou leuse wees!**



## ACE Junior Convention



Ek het elke aand 'n 2 ure les aangebied rondom die Woord op hierdie 200 kinders se vlak. Elke aand was iets nuuts. Op 'n stadium tydens die lesse het dit werklik vir my gevoel asof ek niks bereik nie. Ek het voor die laaste les gebid en gevra dat as slegs 1 kind by die Here uitkom dit die moeite werd sou wees.

En hier kom die Here en bewys net weer aan my dat Sy Woord nooit ledig sal terug keer nie. 59 kinders het 'n besluit vir Jesus geneem. Ek het in 'n totale verwondering gestaan heens my God wat so groot en almagtig is.

Wat het ek geleer, vra jy? Ons plant en gooi nat, maar slegs die Heilige Gees laat groei. As jy Hom toelaat, sal wonderwerke gebeur!!

**DANKIE KONING JESUS!!!**







Dankie vir jou gebede en liefde !
Belinda Bothma
073 835 5084